BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# VERANDER JOU WÊRELD

## Deel 2 – Krag vir Verandering

### AFSKOP

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

---

---

**Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy wou gee die afgelope week?**

---

---

### VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Wat sou jy sê is jou sterkpunte? Wat sou jy sê is jou swakpunte? Hoe het jy dit al probeer verander?**

---

---

---

**Wat het vir jou uitgestaan van die afgelope Sondag se preek, of waarmee stem jy nie saam nie? Verduidelik.**

---

---

---

**Hoekom dink jy is daar baie keer verwarring oor die werking van die Heilige Gees in die Christen kerk? Met watter oortuigings het jy grootgeraak oor Pinkster? Hoe het jou eie oortuigings al verander?**

---

---

---

---

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Jesaja 11:2. Wat gee die Heilige Gees alles vir ons volgens hierdie vers? Hoekom dink jy het ons hierdie dinge nodig om 'n verskil in ons wêreld te maak?**

**As die Heilige Gees al die bogenoemde dinge gee, hoeveel keer het jy Hom al gevra om hierdie dinge te gee? Hoe kan jy Jesaja 11:2 'n gereelde gebed in jou lewe maak?**

**Genesis 1:27, Romeine 8:29 en 2 Cor 3:17-18. Na wie se beeld is ons geskep? Hoe verander God ons weer om aan hierdie beeld gelyk te maak? Hoekom dink jy wil God hê moet ons soos Jesus wees om 'n verskil te maak?**

**Romeine 8:5-10. Wat kom bewerk die Heilige Gees alles in ons? Watter tipe lewe kan ons as Christene leef volgens hierdie gedeelte? Hoekom dink jy is hierdie tipe lewe nodig om ons wêreld te verander?**

**Efesiërs 1:18-20 en 1 Johannes 4:4. Watter krag het ons binne ons? Wat maak dat ons vergeet watter krag tot ons beskikking is om hierdie lewe te leef, en Wie binne ons is?**

**Lukas 11:13 en Efesiërs 5:18. Ons vind 'n opdrag in Efesiërs van 2 dinge wat ons moet doen – wat is dit? Hoe laat jy jou met die Gees vervul volgens hierdie verse?**

**1 Korintiërs 4:20. Hoekom dink jy het die Christen-lewe vir baie mense net 'n saak van "praatjies" geword?**

**Lees Handelinge 1:8 en Matteus 28:19-20. Hoe kan jy hierdie opdrag hierdie week uitleef in jou wêreld? Hoe gereeld fokus jy in 'n week om met hierdie missie van Jesus te leef? Wat kan jy doen om jouself aan jou missie te herinner?**

**Wie is die persone in jou lewe wat nog nie vir Jesus ken nie, vir wie julle hierdie week kan bid? Bid saam as 'n groep vir hierdie mense.**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**